



Soldate vir Christus

NG Gemeente
Rietfontein-Suid

Die Wapenrusting van God
Efesiërs 6:10-20



Ons Gee Om

Webadres:

<http://www.rietfontein-suid.ng.org.za/>

Les 4 - Die Skild van Geloof

Elke week

Begin met 'n gebed waarin jy God eer dat Hy ons beskerm en vra om elkeen van jou kinders en ook dié wat hulle van God moet leer, parate soldate te maak en volledig sal toerus met Sy Wapenrusting.

Maak dit pret!

Gee 'n Mariebeskuitjie vir elke kind. Hulle moet dit breek en opeet binne een minuut en dan fluit.

Die wenner kry dan drie Mariebeskuitjies waarmee dieselfde gedoen moet word. Die ander kinders moet hom/haar aanmoedig of help tyd aftel. Geen water of koeldrank tussen-in nie ... die idee is dat dit moeilik moet wees!

Inleiding

Gesels nou met jou kinders oor wat hulle tydens die speletjie agtergekom of geleer het.

- Een is maklik om te breek / op te eet
- Drie is amper onmoontlik om te breek / op te eet

Net so werk die skild. As ons alleen probeer om die vyand se pyle af te weer, gaan hy baie makliker dit regkry om ons raak te skiet. Maar as ons dit biddend saam met God en ons vriende doen, raak dit moeiliker en selfs onmoontlik vir die duiwel om ons aan te val. Geloof word versterk deur gebed en deur saam met jou vriende 'n eenheid in geloof te vorm. Bid vir mekaar!

Storie

Wie is bang vir 'n leeu? Wie dink 'n leeu is baie sterk en kan jou met een klap van sy voorpoot platslaan?

Natuurlik is 'n leeu sterker as enigeen van ons. Hy word nie verniet die koning van die diere genoem nie!

Ken julle iemand uit die Ou Testament wat 'n paar leeus in die oë moes kyk en heel anderkant uitgekom het?

Die storie van Daniël kry ons in die Ou Testament - daar is 'n hele boek oor hom geskryf, maar die deel oor hom en die leeus is in Hoofstuk 6:1-29.

Daniël was saam met die res van die Israeliete vir 'n lang tyd bannelinge - dit beteken hulle kon nie teruggaan Israel toe nie, want die Babiloniërs het hulle gevang en Jerusalem verwoes.

Ten spyte daarvan het Daniël nog altyd in God geglo. Hy en sy drie vriende,

Dele van God se
Wapenrusting

Gordel van
Waarheid

Borsharnas of
Borsplaat -
Vryspraak van God

Skoene van
Bereidheid om die
evangelie van vrede
te verkondig (Bereid
wees om te vertel)

Skild van Geloof

Helm van
Verlossing

Swaard van die Gees
van God - die Woord
van God

Alles vir God se goedkeuring en glimlag!



Soldate vir Christus

NG Gemeente
Rietfontein-Suid

Die Wapenrusting van God
Efesiërs 6:10-20

...vervolg van vorige bladsy...

Sadrag, Mesag en Abednego, het gereeld saam gebed en mekaar moed ingepraat om hulle by hulle Joodse reëls te hou en te doen wat God verwag.

Daniël was voorbeeldig en baie suksesvol geraak - die ander mense was jaloers op hom en het slinkse planne gemaak om hom te verneder.

Hulle kry koning Darius om 'n wet te maak wat sê dat al die mense net vir hom as koning mag aanbid, anders gaan hulle vir die leeus gevoer word.

Maar Daniël het nog elke dag getrou tot God gebed. Hy het geweet dit is belangriker om aan God se wette gehoorsaam te wees.

Die ander mense het hom gaan verkla en die koning moes toe natuurlik by sy eie wette hou en Daniël in die leeu kuil laat gooi...

Maar God het die leeus se bekke gesluit en hulle het niks aan Daniël gedoen nie. Dink hoe verbaas was die koning die volgende dag toe Daniël nog leef! Deur Daniël se geloof in God, het God 'n kans geskep om vir die vyande van Israel te wys hoe getrou Hy is en dat Hy die mag het om sy kinders teen gevaar te beskerm. Die koning het selfs sy wet verander daarna ... lees 'n bietjie van vers 26 af wat koning Darius toe gesê het!

Die Skild van Geloof

Satan word 'n brullende leeu genoem wat rondloop en mense wil verslind. Dis omdat hy wil keer dat ons in God moet glo. Hy weet dat as ons almal gereeld bid, ons geloof versterk word en dat hy ons dan nie meer kan seermaak nie.

Jesus word die Leeu van Juda genoem.

Hy is deur God gestuur om ons te beskerm teen die vyand. Daarom het Hy op die kruis vir ons gesterf en word ons deur Sy bloed beskerm wat soos 'n skild om ons al die leuens van Satan wegkeer.

Geloof werk soos Jesus se bloed en 'n soldaat se skild. Dit keer dat ons moet verloor en help dat ons nie Satan se leuens glo nie. Ons dra die skild van geloof om ons te beskerm. As ons dit saam met ons vriende doen, word ons verdediging nog sterker. Kies dus die regte vriende! En bid saam dat Jesus se bloed die skild van geloof om julle vorm.

Praktiese toepassing

Vir die Kleuters tot Graad 4

Gee vir elke kind 'n papierpop en laat hulle die pop inkleur of versier. Elke week trek hulle die pop dan aan met die spesifieke deel van die wapenrusting wat behandel is

Graad 5 tot 7

Speel **Swaard in die Skede** en verduidelik dat 'n soldaat nie sy wapen kan gebruik as hy nog nooit daarmee gewerk het nie.

Alles vir God se goedkeuring en glimlag!



Ons Gee Om

Webadres:

<http://www.rietfontein-suid.ng.org.za/>

Swaard in die Skede

- Almal hou hul Bybels (swaarde) toe bokant hul koppe ("Swaard in die skede")
- Jy noem 'n versie wat hulle moet opsoek, maar hulle mag nie begin voordat jy die teken gee nie. Noem die versie twee keer stadig en moenie dit weer herhaal nie.
- Tekn: "Swaarde uit!"
- Die een wat dit eerste kry, mag die versie lees terwyl al die ander luister
- Voordat hy/sy lees, help al die ander om ook die versie te kry

Sluit af met gebed - gefokus op die week se tema